



# **Notule**

van die

Vier-en-Dertigste Algemene Jaarvergadering

gehou in die

C R Louw Lesingsaal, Sanlam Hoofkantoor, Bellville

25 Mei 2018



**NOTULE VAN DIE VIER-EN-DERTIGSTE ALGEMENE JAARVERGADERING  
VAN DIE LA AFTREEFONDS  
GEHOU IN  
DIE C R LOUW LESINGSAAL, SANLAM HOOFKANTOOR, BELLVILLE  
OP VRYDAG 25 MEI 2018**

TEENWOORDIG: Mnr S du Toit : Voorsitter / Addisionele Trustee  
Me M van Zyl : Ondervoorsitter / Lid Trustee  
Mnr HF Botha : Addisionele Trustee  
Mnr DL Carstens : Lid Trustee  
Mnr PW Esterhuizen : Pensioenaris Trustee  
Mnr WR Meiring : Raadslid Trustee  
Mnr S Philander : Raadslid Trustee  
Mnr JAH van den Berg : Pensioenaris Trustee  
Mnr JDB van der Merwe : Pensioenaris Trustee  
Me IT Hartlief : Hoofbeampte

23 Afgevaardigdes en 7 waarnemers

VERSO FINANSIËLE DIENSTE: Adv CJ Franken en mnr P Wallace  
Me B Krummeck, M Engelbrecht, S Erasmus en N Buthelezi

OLD MUTUAL KORPORATIEWE KONSULTANTE: Me V Nelson, L Carstens en R Kees  
Mnr A de Vos

ERNST & YOUNG: Me C Cronning

GRAYSWAN BELEGGINGS: Mnr D Theron

MOMENTUM KONSULTANTE: & AKTUARISSE: Mnr S Neethling

SIMEKA KONSULTANTE & AKTUARISSE: Mnr B du Plessis

## **1. OPENING VAN VERGADERING EN VERWELKOMING VAN AFGEVAARDIGDES**

1.1 Die voorsitter verwelkom al die aanwesiges en spreek sy waardering uit vir die spesiale moeite wat hulle gedoen het om die 34ste Algemene Jaarvergadering van die Fonds by te woon. Hy sê dat die verhoudinge tussen die Fonds se bestuur, lede en pensioenarisse deur bywoning versterk word. 'n Spesiale welkomswoord word gerig aan mnr Steph du Toit, voorsitter van die Vereniging van Pensioenarisse van die Kaapse Gemeenskaplike Pensioenfonds. Die voorsitter noem dat twee van die trustees, mnre Piet Esterhuizen en Solomon Philander, as gevolg van persoonlike verpligtinge die vergadering om 11:00 moet verlaat.

1.2 Die vergadering word deur mnr Piet Esterhuizen met skriflesing en gebed geopen.



## 2. KENNISGEWING VAN VERGADERING

Die voorsitter kondig aan dat, ooreenkomstig die Reëls van die Fonds, daar behoorlik kennis gegee is van die 34<sup>ste</sup> Algemene Jaarvergadering. Hy bevestig dat 'n kworum afgevaardigdes teenwoordig is, en verklaar dat die vergadering **BEHOORLIK GEKONSTITUEER** is.

## 3. BEKRAGTIGING VAN NOTULE

Daar word voorgestel en gesekondeer dat die notule van die Algemene Jaarvergadering, gehou op 26 Mei 2017, eenparig **GOEDGEKEUR** word.

## 4. VOORSITTERSREDE (Bylae A)

Die ondervoorsitter, me Michelle van Zyl, neem die voorsitterstoel oor terwyl die voorsitter sy rede lewer. Die voorsittersrede word met dank **AANVAAR**.

## 5. VOORLEGGING: JAARLIKSE FINANSIËLE STATE

Me Cindy Cronning van Ernst & Young, die Fonds se aangestelde ouditeur, lê die Finansiële State soos op 30 Junie 2017 voor.

Daar word voorgestel en gesekondeer dat die Jaarlikse Finansiële State eenparig **GOEDGEKEUR** word.

Die Jaarlikse Finansiële State is 'n bylaag tot die agenda.

Die Powerpoint voorlegging en die volledige transkripsie van die voorlegging kan besigtig word by [www.laretirementfund.co.za](http://www.laretirementfund.co.za).

## 6. VOORLEGGING: BELEGGINGS EN FONDSPRESTASIE

Daar word met waardering **KENNIS GENEEM** van die voorlegging deur mnr Duncan Theron van GraySwan Beleggings, die Fonds se aangestelde beleggingskonsultant.

Die Powerpoint voorlegging en die volledige transkripsie van die voorlegging kan besigtig word by [www.laretirementfund.co.za](http://www.laretirementfund.co.za).

## 7. VOORLEGGING: AKTUARIËLE WAARDASIE

Daar word met waardering **KENNIS GENEEM** van die voorlegging deur mnr Sean Neethling van Momentum Konsultante & Aktuarisse, die Fonds se aangestelde aktuaris.

Daar word ook **KENNIS GENEEM** van die opsomming van die aktuariële waardasie soos op 30 Junie 2017. **(Bylae B)**

Die Powerpoint voorlegging en die volledige transkripsie van die voorlegging kan besigtig word by [www.laretirementfund.co.za](http://www.laretirementfund.co.za).



## 8. VOORLEGGINGS: KORPORATIEWE BESTUUR VERWANTE AKTIWITEITE / REËLWYSIGINGS / FONDSVERWANTE TENDENSE EN VERWIKKELINGE

Daar word met waardering KENNIS GENEEM van die voorleggings deur mnr Braam du Plessis van Simeka Konsultante & Aktuarisse, die Fonds se aangestelde konsultant.

Die Powerpoint voorleggings en die volledige transkripsie van die voorleggings kan besigtig word by [www.laretirementfund.co.za](http://www.laretirementfund.co.za).

## 9. MOSIES

Daar word KENNIS GENEEM dat geen mosies ontvang is nie.

## 10. ALGEMENE VRAE

Die volledige transkripsie van die V&A kan besigtig word by [www.laretirementfund.co.za](http://www.laretirementfund.co.za).

10.1 Mnr Robert du Plessis, 'n werknemer van Buffalo City Munisipaliteit, vra die volgende:

- i) Of lede nog steeds 'n bykomende jaar diens kry wanneer hulle 30 jaar lidmaatskap van die Fonds bereik.
- ii) Of pensioenarisse nog steeds 'n jaarlikse pensioenverhoging kry.
- i) Die voorsitter se antwoord hierop is dat toe die Fonds 'n vastevoordeel (VV)-afdeling ingesluit het, sekere VV-voordele volgens 'n formule bepaal is waarvan een komponent jare diens was. Aangesien die VV-afdeling gestaak is en die Fonds nou net vastebydrae (VB)-lede het, is jare diens nie meer relevant nie.*
- ii) Die voorsitter bevestig dat die Fonds jaarlikse verhogings aan VB-pensioenarisse toestaan. Hy meld dat bekostigbaarheid die oorheersende faktor is wanneer die vlak van die verhoging bepaal word.*

10.2 Mnr Paul de Vries, 'n werknemer van Drakenstein Munisipaliteit, vra die volgende:

- i) Of dit die eerste jaar is dat die Fonds nuwe lede bygekry het.
- ii) Wanneer lede van ander fondse die geleentheid gegee sal word om by die Fonds aan te sluit.
- i) Die voorsitter lig die vergadering in dat die Fonds nog altyd nuwe lede bygekry het en dat dit nog nooit vir nuwe VB-lede gesluit was nie.*
- ii) Die voorsitter bevestig dat daar al lank 'n moratorium bestaan wat deur die Suid-Afrikaanse Bedingingsraad vir Plaaslike Regering (SALGBC) opgelê is, wat daarop neerkom dat lede van plaaslike regeringspensioenfondse nie hul lidbelang na ander plaaslike regeringsfondse kan oordra nie. Tot en met SALGBC se opheffing van die moratorium is lede vasgepen en kan hulle nie na ander fondse oorgaan nie.*



10.3 Mnr Kobus van Schoor, 'n werknemer van die Stad Kaapstad, vra die volgende:

- i) Aan wie hy sy lang lys vrae kan oorhandig, omdat hy nie die vergadering met al die vrae wil verontrief nie.
  - ii) Of die Fonds inligtingsessies vir lede kan hou, veral by sy munisipaliteit.
  - iii) Hoekom so min lede die In-fonds Lewende Annuïteit-opsie by aftrede kies.
- i) Die voorsitter antwoord dat mnr Van Schoor sy vrae per e-pos aan die Fonds se hoofbeampte, me Hartlief, kan stuur en dat sy daarop sal reageer.*
- ii) Me Hartlief verduidelik dat verskeie mensehulpbronnebestuurders versoek het dat die Fonds hulle eers oor die veranderings in die Fonds inlig, waarna hulle aan die Fonds toegang tot die lede sou gee. Sy bevestig dat die Fonds sedert 2016 besig is om die mensehulpbronnebestuurders in te lig en dat die Fonds glo die tyd is reg dat hulle die geleentheid gegee word om inligtingsessies vir lede aan te bied. Sy versoek lede wat teenwoordig is en in inligtingsessies belang stel, om met haar sowel as die kommunikasiediensverskaffer te gesels voordat hulle die vergaderplek verlaat.*
- iii) Die voorsitter se siening verskil en hy haal Fondsstatistieke aan wat toon dat 'n beduidende getal lede die kostedoeltreffende In-fonds Lewende Annuïteit-opsie by hul aftrede gekies het. Die voorsitter stel die nuwe Fondsraadgewer, mnr Peter Wallace, bekend. Mnr Wallace noem dat die Fonds sy raadgewingsdiens uitgebrei het – insluitend om kontak te maak met die gades van lede wat in diens oorlede is, om hulle met hul opsies by te staan.*

10.4 Mnr Basil Samuels, 'n werknemer van die Stad Kaapstad, verwys na die voorlegging van Ernst & Young en vra die volgende:

- i) Wat die onbehoorlike voordele was wat deur die vorige diensverskaffer vanaf Newshelf 922 (Pty) Ltd ontvang is.
  - ii) Of die onbehoorlike voordele direk van die Fonds of indirek van 'n diensverskaffer ontvang is.
  - iii) Of die Fonds enige stappe gedoen het om hierdie onbehoorlike voordele te verhaal.
- i) Die voorsitter verduidelik dat onbehoorlike voordele deur 'n voormalige diensverskaffer van die Fonds ontvang is toe die Fonds sekere eiendomme verkry het. Hy verduidelik dat Newshelf 922 (Pty) Ltd nie 'n diensverskaffer is nie, maar 'n maatskappy waarin die Fonds se direkte eiendomme bestuur en gehou word. Die Fonds is die enigste aandeelhouer in Newshelf 922 (Pty) Ltd.*
- ii) Die onbehoorlike voordele is indirek deur die vorige diensverskaffer ontvang.*
- iii) Danksy 'n fluitjieblaser het die Fonds bewus geword van die onbehoorlike voordele en onmiddellik 'n ondersoek begin. Gelukkig is 'n skikking buite die hof bereik, wat daartoe gelei het dat die meeste van die geld aan die Fonds terugbetaal is. Die Raad van Trusteas is tevrede dat hulle die regsproses nougeset gevolg het en dat regstellende stappe gedoen is. Die saak is nou afgehandel.*



Mnr Samuels reageer deur te vra hoe die Fonds die verkoopprijs van die eiendomme bepaal het.

*Die voorsitter verduidelik dat die eiendomme jaarliks onafhanklik gewaardeer is. Hy sê die meeste van die eiendomme is teen markwaarde of effens bo markwaarde verkoop, maar 'n paar eiendomme is effens onder die markwaarde verkoop.*

- 10.5 Mnr Giel Goosen, 'n werknemer van George Munisipaliteit, merk op dat lede miskien huiwerig is om die In-fonds Lewende Annuïteit-opsie by aftrede te gebruik omdat hulle bang is dat die regering beheer oor hul geld kan oorneem soos in die geval van die staatspensioenfonds (GEPF). Hy wil weet of dit moontlik via SALGA kan gebeur.

*Die voorsitter verduidelik dat die regering oor die jare verskeie pogings aangewend het om aftreefondse te rasionaliseer. Elke poging is egter deur die bedryf, vakbonde, werkgewers en lede gestuit. 'n Hersiene voorstel vir die rasionalisering van pensioenfondse is deur die SALGBC voorgelê, maar geen finale besluit is geneem wat die rasionalisering van aftreefondse betref nie.*

*Die voorsitter vra adv Christi Franken van Verso Finansiële Dienste om verder hieroor uit te wei. Adv Franken meld dat lede se regte deur die Pensioenfondswet en konstitusionele reg beskerm word. Hy sê tensy wetgewing gewysig word (d.i. die Wet op Munisipale Strukture en/of die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur) om die rasionalisering van aftreefondse af te dwing, sal die rasionalisering van plaaslike regeringsaftreefondse nie slaag nie.*

*Ten slotte noem adv Franken dat uitsonderlike voordele gebied word aan lede wat die In-fonds Lewende Annuïteit kies, omdat die Fonds se opbrengste merkwaardig is en die koste baie laag is. Hy moedig aftredende lede aan om met die Fondsraadgewer te gesels om vertrouwd te raak met al die opsies en voordele wat vir hulle beskikbaar is. Hy meld dat lede wat die In-fonds Lewende Annuïteit kies, nie "vasgepen" word in die Fonds nie. Hulle mag op enige tydstip hul oorblywende kapitaal na kleinhandelsprodukte oordra.*

- 10.6 Mnr Kobus van Schoor, 'n werknemer van die Stad Kaapstad, vra of die Fonds uitgewerk het watter persentasie nuwe werknemers by die Fonds aansluit. Hy sê die Fonds moet 'n mededingende teiken en strategie hê.

*Die voorsitter antwoord dat die Fonds nie 'n prestasieteiken het nie, maar dat syfers ten opsigte van nuwe lede maandeliks ontvang word. Hy sê dit is moeilik om maandeliks te bepaal hoeveel nuwe werknemers by plaaslike owerhede aansluit. Hy meld dat die Fonds sy bemarkingspogings na bestuur en mensehulpbronnepersoneel uitgebrei het, aangesien hierdie werknemers 'n invloed het op nuwe lede se besluite oor hul fondskeuse. Hy erken dat dit nie 'n maklike taak is nie, omdat die Fonds die afgelope meer as 19 jaar nie homself bemark het nie. Desondanks glo hy dat die Fonds daarin sal slaag, danksy sy voortreflike voordeelaanbod en uitsonderlike beleggingsopbrengste.*

*Na aanleiding van die voorsitter se versoek om kommentaar te lewer, sê adv Franken dat die LA Aftreefonds volgens sy ervaring ongetwyfeld die beste fonds in die bedryf is. Hy meen daar is 'n paar faktore wat die Fonds verhoed om groter getalle lede te lok:*

- i) "Fopnuus" – heelwat vals inligting word opsetlik versprei met die spesifieke doel om die reputasie van die Fonds skade te berokken en ander fondse na beter opsies te laat lyk. Algemene vals inligting is dat die Fonds baie duur is en dat dit 'n gevaarlike fonds is om by aan te sluit; en



- ii) *Die fonds wat die grootste lawaai maak en die mooiste deuntjie speel, soos die Fluitspeler van Hamelin, lok die meeste nuwe lede. Sommige fondse bestee tot R15 miljoen per jaar aan bemerking en kommunikasie. Dit gee hulle 'n groot begroting vir bemerking en om kommunikasie te ontwerp wat die mensehulpbronnebestuurders mislei.*

*Hy sluit af deur te sê dat die uitdaging vir die Fonds is om die regte storie op 'n kostedoeltreffende wyse te vertel, en op hierdie manier daarin te slaag om meer nuwe lede te lok.*

## **11. DANKBETUIGINGS deur me Michelle van Zyl**

Me Van Zyl deel 'n inspirerende storie oor dankbaarheid waarna sy die volgende dankbetuigings doen:

- 11.1 Aan mnr Piet Esterhuizen vir die inspirerende wyse waarop hy die vergadering geopen het;
- 11.2 Aan die voorsitter, mnr Sakkie du Toit, vir sy visie, kalm en sterk leierskap en leiding as voorsitter;
- 11.3 Aan die trustees vir hulle onwrikbare lojaliteit, harde werk en betrokkenheid by die bestuur van die Fonds;
- 11.4 Aan die hoofbeampte, me Ilse Hartlief, vir haar passie, entoesiasme en aktiewe bydrae tot die suksesvolle bestuur van die Fonds;
- 11.5 Aan die aanbieders: Me Cindy Cronning en mnre Duncan Theron, Sean Neethling en Braam du Plessis vir hulle insiggewende en dinamiese aanbiedings;
- 11.6 Aan adv Christi Franken van Verso Finansiële Dienste en sy personeel vir hul administratiewe dienste en voortdurende ondersteuning en lojaliteit aan die Fonds;
- 11.7 Aan me Valerie Nelson van Old Mutual Korporatief en haar span vir hul professionele en verbeterde kommunikasie dienste aan die Fonds;
- 11.8 Aan Sanlam vir die gebruik van die ouditorium;
- 11.9 Aan mnr Herman Potgieter van TGI vir die opname van die vergadering;
- 11.10 Aan me Natalie Cedras van Fedics en haar personeel vir die spyseniering;
- 11.11 Aan me Susan Erasmus vir die organisering en koördinerings van die vergadering;
- 11.12 Aan alle afgevaardigdes vir hulle verteenwoordiging en deelname;

'n Voorspoedige terugrit word elkeen toegewens.

Die vergadering verdaag op Vrydag, 25 Mei 2018 om 11:30.

.....  
DATUM

.....  
VOORSITTER



# NOTULE

Algemene Jaarvergadering





# Bylae A

## Voorsittersrede



Beste lede, werkgewers, kollegas en ander belanghebbendes

Dit is weer eens vir my baie aangenaam om hierdie Fondsverslag aan u voor te lê.

Verlede jaar is melding gemaak dat heelwat bereik is om die Fonds se nuwe naam en logo te vestig, verhoudinge met ons menslike hulpbron-vennote by die plaaslike owerhede te bou deur die toepassing van ons verbeterde kommunikasie-strategie en die aanstelling van ons Fondsvertegenwoordiger/raadgewer, ons voordeelreeks te verbeter, en die Raad se fokus op goeie bestuurtoesig en die verkryging van gewenste beleggingsopbrengste voort te sit.

In hierdie verband het niks gedurende die huidige verslagtydperk verander nie – die Raad, sy diensverskaffers en die hoofbeampte het steeds met onvermoeide ywer gewerk om op alle terreine meer te bereik.

Ek wil begin met wat vir u, ons lede, die belangrikste is: **Ons voortreflike beleggingsopbrengste waarop ons trots is.**

Ek het verlede jaar gemeld dat die 2015/2016 finansiële jaar 'n baie moeilike beleggingstydperk was, wat gekenmerk is deur politieke onbestendigheid, uiterste markbewegings en oor die algemeen swak beleggingsopbrengste. Ondanks hierdie uitdagings het ons risikoprofiel-gebaseerde beleggingsoplossings beter opbrengste behaal as die gemiddelde opbrengste van ander munisipale pensioenfondse met soortgelyke risikoprofiel, asook die portuurgroepgemiddeldes van Suid-Afrikaanse konserwatiewe, matige en hoërisiko-effektetrusts.

Hoewel die beleggingsomgewing daarna nie veel verander het nie – trouens, 2017 is as 'n wipwarit vir beleggers bestempel – het die Fonds se opbrengste steeds die mark oortref, teen minder as die helfte van die onbestendigheid wat in die mark ervaar is. Terwyl die plaaslike aandele-mark slegs 1.69% oor die tydperk kon aanteken en inflasie 5.49% was, het die Fonds se risikoprofiel-portefeuljes opbrengste van tussen 3.08% en 7.76% behaal. Wat belangrik is, is dat die Fonds se beleggingsopbrengste in vergelyking met sy portuurgroep (d.i. ander institusionele munisipale aftreefondse en kleinhandels- of effektetrust-gebalanseerde fondse met soortgelyke risikoprofiel) toon dat die Fonds oor die kort, medium en lang termyn 'n bedryfsleier bly, aangesien ons steeds uitstekende opbrengste behaal. Die Fonds het nie net in vergelyking met ander munisipale fondse sterk presteer nie, maar ook kleinhandels- of effektetrust-gebalanseerde fondse ver oortref. Dit is goeie nuus – nie net vir aktiewe Fondsleder nie, maar ook vir aftredende lede wat gekies het om die Fonds se laekoste- en aktief bestuurde Lewende annuïteit binne die Fonds te koop.

Wat ons afgetredenes betref (d.i. lede wat gekies het om die Lewende annuïteit binne die Fonds by aftrede te koop), is vergelykings met die kleinhandels- of effektetrustfondse belangrik, omdat dit vir lede wys dat die Lewende annuïteit binne die Fonds beslis 'n uitstekende produkkeuse is vir aftrede uit die Fonds. Lede wat ons Lewende annuïteit binne die Fonds gekies het, vind nie net baat by die uiters lae koste nie, maar ook ons voortreflike beleggingsopbrengste. Die groeiende gewildheid van ons Lewende annuïteit binne die Fonds as keuse sedert die beskikbaarstelling van hierdie produk, is 'n bewys hiervan. Hoewel dit buite die verslagtydperk is, is dit belangrik om kennis te neem dat die Raad besluit het om die Fondstreëls met ingang van 1 Oktober 2017 te wysig om voorsiening te maak vir die betaling van die koste van finansiële advies op voorwaardes wat deur die trustees gestel word, wat 'n maksimum advieskoste insluit. Lede kan dus die Fonds versoek om kommissie uit die waarde van hul lidbelang aan hul finansiële adviseur te betaal vir laasgenoemde se hulp aan die lid om die Lewende annuïteit binne die Fonds te verkry. Lede word egter



herinner dat inligting in verband met ons Lewende annuïteit binne die Fonds gratis by ons Ledeondersteuningsentrum verkrygbaar is, en dat 'n gedetailleerde lys van vrae en antwoorde op die Fonds se webtuiste beskikbaar is.

Ons laste-gedrewe beleggingstrategie verseker dat die pensioenarisportefeulje die beoogde teiken behaal en dat die Fonds sy pensioenbelofte nakom. Die pensioenarisrekening se befondsingsvlak was 102.6% op 30 Junie 2017. In die lig hiervan is 'n pensioenverhoging gelyk aan 65% van inflasie op 1 Januarie 2018 verklaar. Verder is 'n diskresionêre bonus gelyk aan 50% van bruto maandelikse pensioene op 1 Desember 2017 toegestaan.

Ons beleggingskonsultante, GraySwan, sal met hul verslagdoening nader besonderhede oor ons beleggingsopbrengste verskaf.

As 'n Raad van Trustees het ons steeds gefokus op wat ons kan beheer, in plaas van al die onsekerhede in die mark. Ons volg steeds 'n versigtige en risikobestuurde benadering tot die bestuur van die Fonds se bates, met sterk diversifikasie en teen lae koste. Ons het ons beleggingstrategie gehandhaaf terwyl ons aanvaar dat korttermyn-onbestendigheid deel is van die langtermyn-ervaring wat spaar vir aftrede behels. Hoewel ons risikobewus bly, is ons vooruitskouend versigtig optimisties oor groeibates soos aandele en ons glo dat prestasie oor die volgende 12 maande beide in absolute terme en met betrekking tot inflasie sal verbeter.

Ek het in verlede jaar se Jaarverslag genoem dat die Raad op die verdere uitbreiding van pensioenarisse se groeibates sal fokus. Die doel is steeds om hoër opbrengste op hierdie groeibates te behaal, saam met die mikpunt van 'n ten volle befondsde markposisie vir pensioenarisverpligtinge. Dit sal ons in staat stel om deurentyd die jaarlikse pensioenverhogings wat die Fonds toestaan, te verbeter. In hierdie verband werk die Raad van Trustees ten nouste saam met die Direksie van Newshelf 922 (Edms) Bpk, die maatskappy waarin die Fonds se beleggingseiendomme gehou word. Die Direksie het die nodige mandate van die Raad van Trustees ontvang en tot dusver is vier van die sewe geboue teen of baie naby aan hul markwaarde verkoop. Die verkoop van hierdie eiendomme het ons nie net in staat gestel om aan pensioenfondsregulasies te voldoen nie, maar ook daartoe gelei dat van die Fonds se direkte eiendomsbeleggings losgemaak is sodat die Raad van Trustees hierdie bates elders kan belê en beter opbrengste kan behaal. Ons vertrou dat hierdie verbeterde opbrengste in die volgende verslagtydperk waarneembaar sal wees. Die Direksie van Newshelf fokus steeds op die verkoop van die oorblywende drie geboue en daar sal by die AJV in 2019 hieroor verslag gedoen word.

Ons volgende fokusgebied was **die bekendstelling van heeltemal verbeterde, buigsame en kostedoeltreffende sterfte- en ongeskiktheidsvoordele vir alle lede.**

Die Raad is deurentyd daarop ingestel om koste so laag as moontlik te hou, en in hierdie verband is die voordeelkonsultant en hoofbeampte versoek om die Fonds se reeks sterfte- en ongeskiktheidsvoordele na te gaan om seker te maak dat 'n suiwer vastebydrae-voordeelontwerp wat buigsamheid en keuse insluit, aangebied kan word. Ons glo dat keuse in enige voordeelontwerp belangrik is, sodat lede die dekkingsvlak kan kies wat hulle nodig het en kan bekostig – ons glo nie aan een produk wat almal pas nie, aangesien lede uniek is en hul eie behoeftes het. Hoewel hierdie nuwe en verbeterde voordeel vanaf 1 September 2017 vir huidige lede en vanaf 1 Augustus 2017 vir nuwe lede beskikbaar gestel is, het werk etlike maande tevore begin, en goedkeuring is gedurende die verslagtydperk van die Raad verkry. Verder is twee nuwe voordele op versoek van lede gedurende die eerste kwartaal van 2018 bekend gestel, maar dit sal die onderwerp van volgende jaar se verslag wees.



Wat ons voordeelreeks betref, rig ons 'n versoek aan alle lede om steeds vir ons te sê wat vir hulle van waarde is. Ons beloof ons sal aanhou luister en ons waarde-aanbod uitbrei om sover moontlik in u behoeftes te voorsien.

Ons is ook baie bly om te sien dat 'n **groter getal nuwe lede by ons Fonds aangesluit het.**

Die aanstelling van ons Fondsvertegenwoordiger/raadgewer gedurende die tydperk het beslis gehelp om sterker werkverhoudinge met ons werkgewers sowel as ons lede en voornemende lede te bou. Ons Fondsvertegenwoordiger/raadgewer het ons ongelukkig in die eerste kwartaal van 2018 verlaat en ons het daarna 'n ooreenkoms met ons administrateur, Verso, aangegaan om ons te help om verder te bou aan goeie werkverhoudinge met ons werkgewers, lede en voornemende lede. Ons het in 2016 'n reis onderneem om ons Fonds as 'n innoverende, mededingende en bekostigbare opsie vir werknemers van plaaslike regerings ten toon te stel. Ons beoog om voort te bou op die suksesse wat tot dusver behaal is.

Ons herinner ons lede om op hoogte te bly van Fondsonwikkelinge, voordeelverbeterings en keuses wat uitgeoefen moet word. Alle nuusbriewe aan lede, beleggingsnuusbriewe en nuusflitse word elektronies gestuur aan alle lede van wie ons e-posadresse het. Elektroniese verspreiding verseker dat ons lede Fondskommunikasie betyds ontvang, en dit verminder die totale koste vir die Fonds, waarby ons lede uiteindelik baat vind. Ons sal steeds kommunikasiemateriaal in gedrukte formaat verskaf aan lede van wie ons nie e-posadresse het nie. Lede word aangemoedig om hul e-posadresse en selfoonnommers te verskaf, sodat ons hul rekords kan bywerk. Fondsnuusbriewe, prestasieverlae en beleggingsmarkoorsigte is ook op die Fonds se webtuiste beskikbaar, waartoe lede dus enige tyd toegang het.

## **Tydige implementering van Fondspraktyke en -prosesse voordat wetgewing verander**

### ▪ **Verskaffing van projeksiestate aan ons lede – vir die heel eerste keer**

Terwyl die bedryf tans aan die gons is oor die Reguleerder se onlangs voorgestelde en ingestelde nuwe vereistes, het die Fonds se span professionele diensverskaffers en die hoofbeampte gedurende die verslagtydperk hard gewerk om die nuwe formaat van die Fonds se jaarlikse ledestate te verfyn, en 'n splinternuwe afdeling met betrekking tot die verskaffing van projeksiestate in te sluit. Die verskaffing van projeksiestate is tans nog net 'n voorstel van die Registrateur van Pensioenfondse en die konsep-aanwysing in hierdie verband is nog oop vir openbare kommentaar. Die Raad van Trusteas besef dat dit nie vir lede van vastebydrae-aftreefondse maklik is om te weet hoeveel hul maandelikse pensioen by aftrede werd sal wees en of hierdie inkomste genoeg sal wees nie.

Sommige aftreefondse het sogenaamde "Netto Vervangingsverhouding"-state bekend gestel wat probeer om die waarde van lede se lidbelang as 'n persentasie van hul huidige pensioengewende verdienste uit te druk. Ons het nog 'n stap verder gegaan en verlede jaar besluit om aan lede projeksiestate te verskaf wat eerder die waarde van hul maandelikse pensioen aandui – die huidige randwaarde daarvan. Dit behoort dan vir lede makliker te wees om die waarde van 'n maandelikse pensioen te verstaan en te weet of genoeg werklik genoeg is.

### ▪ **Nakoming van die verstekregulasies**

Kort nadat die Registrateur van Pensioenfondse in 2015 die eerste konsepdokument oor konsepregulasies uitgereik het, het die Fonds se diensverskaffers aan die Lewende annuïteit binne die Fonds begin werk en dit is middel 2016 bekend gestel as 'n kostedoeltreffende produk vir alle lede wat beplan om af te tree. Die trustee het reeds in 2014 'n verstek-lewensfasebeleggingsprogram



ingestel. Hoewel bewaring binne die Fonds nog altyd by lede se bedanking uit diens toegelaat is as 'n alternatief vir onttrekking uit die Fonds, is hierdie reëling bloot geformaliseer en die reëls is in 2016 gewysig om hierdie lede (andersins bekend as uitgestelde lede) toe te laat om 'n deel van hul lidbelang (of die volle lidbelang) voor hul aftrede te neem. Die Fonds is dus baie goed voorberei vir die implementering van die verstekregulasies op 1 Maart 2019.

## **Fonds se Visie- en Missieverklarings**

Ons hoop lede het kennis geneem van die Fonds se Visie- en Missieverklarings, wat met trots op ons webtuiste geplaas is. In Februarie 2017 het die Raad die beginsels waartoe die Raad nog altyd verbind was, op skrif gestel: "Om die beste moontlike aftree-uitkoms vir al ons lede, afgetredenes en pensioenarisse te gee." Die Raad het ook verduidelik hoe dit deurgaans bereik sou word, wat die grondslag van die Fonds se Missieverklaring vorm – insluitend innoverende, kostedoeltreffende, verantwoordelike en risikobestuurde beleggings, 'n klem op etiese aftreefondsbestuur en goeie bestuurstoetsing, duidelike kommunikasie en bekostigbare voordeelopsies. Ons moedig u aan om die Fonds se webtuiste te besoek en ons volledige Missieverklaring te lees.

Ek sê graag weer dankie aan ons lede en pensioenarisse vir u volgehoue vertroue in die Fonds, wat sy bes doen om u aftrede te beveilig. Ek is ook dankbaar teenoor al ons deelnemende werkgewers wat die Fonds se waarde-aanbod erken en nuwe werknemers help om ingeligte besluite te neem.

Ek bedank graag al ons professionele diensverskaffers en hoofbeampte wat as 'n span toesien dat:

- ons die beste moontlike risiko-aangepaste en volhoubare beleggingsopbrengste behaal,
- beste praktyk ten opsigte van ons prosesse en protokolle toegepas word,
- ons aan wetgewing voldoen – nie omdat dit 'n verpligting is nie maar omdat dit werklik tot ons lede en pensioenarisse se voordeel is,
- ons nie uit die oog verloor waaroor dit werklik gaan nie, en onself gedurig herinner dat koste 'n impak op ons lede het. Die stappe wat ons in hierdie verband gedoen het deur die registrasie van reëlwysiging nommer 10, word in die regs- en tegniese oorsig toegelig, en
- ons finansiëel gesond bly.

Dankie aan my medetrustees vir hul volgehoue toewyding en professionaliteit in die uitvoering van hul fidusiële pligte. 'n Spesiale woord van dank aan mev Van Zyl en mnr Botha, onderskeidelik ondervoorsitter en voorsitter van die ouditkomitee, asook al die ander lede van die ouditkomitee, wat 'n belangrike oorsig- en adviserende rol vervul.

Soos gewoonlik, is daar 'n besprekingspunt op die sakelys wat die geleentheid bied vir algemene vrae in verband met die Fonds, en u is welkom om ook dan enige vrae te vra wat u oor my verslag het.

Ek oorhandig nou hiermee aan me Cindy Cronning van Ernst & Young, die Fonds se ouditeure, om die hoogtepunte van die finansiële jaarstate soos op 30 Junie 2017 te bespreek voordat ons goedkeuring vir die aanvaarding van die state vra. Daarna sal ek aan die diensverskaffers oorhandig om hul aanbiedings aan u voor te lê.

**Sakkie du Toit**  
**VOORSITTER**

25-05-2018



# NOTULE

Algemene Jaarvergadering



# **Bylae B**

**Opsomming  
Aktuariële Waardasie  
30 Junie 2017**



## LA Aftreefonds

### *Opsomming van die Aktuariële Waardasie soos op 30 Junie 2017*

#### 1. Hoofdoelstellings van die waardasie

Die hoofdoelstellings van die waardasie is om:

- Die finansiële toestand van die Fonds te bepaal deur die aktuariële waarde van die bates met die waarde van die opgelope-diens voordele, soos op die waardasiedatum, te vergelyk;
- Die beleggingsopbrengs toekennings vir aktiewe lede van die VB Afdeling te hersien;
- Die persentasie, waarmee die maandelikse pensioene kan verhoog, te bepaal en
- Die balans van die aanvaarbare reserwes te bepaal om die Fonds te beskerm.

Die vorige waardasie is soos op 30 Junie 2016 uitgevoer.

#### 2. Lidmaatskap statistieke

	30 Junie 2017	30 Junie 2016
<b>Aktiewe lede (VB Afdeling)</b>		
Aantal	1 463	1 478
Jaarlikse pensioengewende salarisse (Rm)	305.6	289.4
Geweegde gemiddelde ouderdom (jare)	49.7	49.9
Geweegde gemiddelde dienstydpark (jare)	20.6	21.2
<b>Pensioenarisse en VV uitgestelde pensioenarisse</b>		
Aantal	3 730	3 951
Jaarlikse pensioen (Rm)	189.4	192.0
Gemiddelde jaarlikse pensioen (R)	50 779	48 589
Geweegde gemiddelde ouderdom (jare)	76.4	75.8
<b>Binnefonds-lewende Annuiteite</b>	4	-

\* VB beteken vastebydrae  
VV beteken vastevoordele





### 3. Finansiële toestand van die Fonds

<b>Finansiële toestand</b>	<b>30 Junie 2017</b>	<b>30 Junie 2016</b>
<b>VV Afdeling</b>	<b>R 000</b>	<b>R 000</b>
<b>Waarde van bates <sup>1</sup></b>	<b>1 859 077</b>	<b>2 037 843</b>
<b>Pensioenarisrekening</b>		
Waarde van bates	1 859 077	1 988 698
Pensioenarisse laste <sup>2</sup>	(1 762 159)	(1 865 989)
Solvensie Reserwe	(49 929)	(54 918)
<b>Surplus</b>	<b>46 989</b>	<b>67 791</b>
<b>Befondsingsvlak (Pensioenarisrekening) <sup>3</sup></b>	<b>102.6%</b>	<b>103.5%</b>
<b>VV Aktiewe lede</b>		
Waarde van bates	-	49 145
<b>Surplus <sup>4</sup></b>	<b>-</b>	<b>49 145</b>
<b>Algehele surplus</b>	<b>46 989</b>	<b>116 936</b>
<b>Algehele befondsingsvlak (VV Afdeling)</b>	<b>102.6%</b>	<b>106.1%</b>

**Notas:**

1. Die waarde van die bates is die redelike waarde van die netto bates van die Fonds na aftrekking van bedryfslaste en enige laste voortspuitend uit die belofte, verhipotekering of ander beswaar van die bates van die Fonds. Die aktuariële waarde van die bates is gelyk aan die redelike waarde van die bates.
2. Pensioenarisse laste sluit in VV uitgestelde pensioenarisse-laste en 'n voorsiening vir toekomstige uitgawes wat verband hou met hierdie kategorieë van Lidmaatskap.
3. Die befondsingsvlak word bepaal deur die waarde van die pensioenarisrekeningbates gedeel deur die som van die pensioenarisse-laste en die Solvensie Reserwe.
4. Die surplus soos op 30 Junie 2016 is aan die Pensioenarisrekening toegeken.

<b>Finansiële toestand</b>	<b>30 Junie 2017</b>	<b>30 Junie 2016</b>
<b>VB Afdeling</b>	<b>R 000</b>	<b>R 000</b>
<b>Waarde van bates</b>	<b>1 911 937</b>	<b>1 960 970</b>
Ledebelange	(1 867 824)	(1 953 190)
Lewende Annuïteitsreserwe	(17 062)	-
Gebeurlikheidsreserwe	(10 059)	(8 700)
Verwerkingsfoutreserwe	(16 992)	920
<b>Surplus</b>	<b>0</b>	<b>0</b>
<b>Befondsingsvlak (VB Afdeling)</b>	<b>100.0%</b>	<b>100.0%</b>



#### 4. Beleggingsopbrengs op lede se lidbelange

	30 Junie 2017	30 Junie 2016
Opeenhopingportefeulje	3.1%	6.7%
Konsolidasieportefeulje	5.0%	6.0%
Bewaringsportefeulje	5.6%	6.5%
Kontant Plus Portefeulje	7.8%	9.4%

#### 5. Bydraekoerse

Die Plaaslike Owerhede se bydraekoers is 18% van salarisse vir aktiewe lede. Die Plaaslike Owerhede se bydraekoers is 7.5% of 10% van salarisse vir Kontrakwerknemers.

Die bydraekoers is 9% van salarisse vir aktiewe lede en 7.5% van salarisse vir Kontrakwerknemers.

#### 6. Gevolgtrekkings

- Die Pensioenarisrekening is in 'n gesonde finansiële toestand soos op die waardasiedatum met 'n surplus van R47.0 miljoen en 102.6% befondsingsvlak.
- Die VB Afdeling het 'n befondsingsvlak van 100% en is in 'n gesonde finansiële toestand.
- Die Fonds is in 'n gesonde finansiële toestand en die algehele befondsingsvlak is 101.3% met 'n surplus van R47.0 miljoen.
- 'n Pensioenverhoging van 3.3% soos op 1 Januarie 2018 was toegeken.
- 'n Bonus van 50% van die maandelikse pensioen was in Desember 2017 toegeken.

#### **Sean Neethling BSc CFP® FASSA FIA**

Genoot van die Aktuariële Vereniging van Suid-Afrika

in my hoedanigheid as Aktuaris van die Fonds en as 'n werknemer van MMI Groep Beperk.

Die Aktuariële Vereniging van Suid-Afrika is die primêre reguleerder in my professionele hoedanigheid.

12 Desember 2017